

1 Desember

Skrifgedeelte: Genesis 3:1-5

Fokusgedeelte: Genesis 3:15

Kersfeesklokke in die paradys

Die pragtige paradys met sy bome, vrugte en waterstrome en twee mooi mense. Wat 'n idilliese toneel!

As die vyand van God, Satan, kom, laat hy die mensepaar aan die woorde van die Here twyfel: "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?" As Eva hom op sy moedswillige leuen wys, word Satan 'n interpreteerder van God se woorde: "God weet dat julle oë sal oopgaan ... en dat julle soos God sal wees."

Vervolgens – die Here se navraag en die skuld-op-die-ander-pak. Die oortreding van God se gebod het plaasgevind! Met verwoestende gevolge.

Die bevinding van die Regter: die slang (Satan) en die vrou (Eva) en die man (Adam) is skuldig. Die oordeel is onafwendbaar!

Die slang word die hakskeenbyter. Die meedoënlose agtervolger van elke mens tot met die voleinding. Selfs van Jesus in die woestyn (Matt 4) waar hy ook Skrifverklaarder speel. Petrus beskryf hom as 'n brullende leeu (1 Pet 5:8), Johannes as 'n vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings (Openb 12:2).

En die vrou en die man? Smart by geboortes, swoeg en sweet by die werk, eindelose soeker na 'n eie paradys. En stryd teen die hakskeenbyter.

Luister: Hoor jy die feesklokke? Satan se skedel sal ingeslaan word. Die Oorwinnaar sal uit Eva se nageslag gebore word. Hy is die Messias-Koning! Hy sterf in jou plek aan die kruis. Hy gee die paradys aan elke berouvolle sondaar! Deur sy Gees maak Hy van jou 'n nuwe, lofsingende mens!

Satan is agter jou hakskene aan! Hy wil jou lewe verongeluk om aan God se genade te twyfel. Vertrou op die Here in jou versoekings en juig oor die Oorwinnaar! Hy is jou Here!

Sing: Psalm 68:9 (1936)

Dr B Duvenage (Emeritus)